

Sing vooraf staande: Psalm 21:1, 9 (p. 94)

- 1 U maak, o HEER, die koning bly, / omdat u arm so sterk is, / sy heil deur u bewerk is.
Sy wens het hy van U verkry; / U het wat hy begeer. / geweier nóg geweer.
- 9 Verhef U in u sterkte, HEER, / en laat u groot vermoë / gesien word voor die oë
van almal wat U roem en eer! / Ons buig ons voor u mag / en prys u heldekrag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 147:1, 4 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 4 Gods sterkte is nie soos mensemag / wat heil van oorlogspere wag,
of van die bene, sterk gebou, / waarop die krygsman vas vertrou.
Maar húl alleen kan Hom behaag / wat needrig na sy sterkte vraag,
en, hoe dit ook mag teëloop, / Hom vrees en op sy goedheid hoop.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 43:2, 3 (p. 220)

- 2 My God, ek steun op u vermoë, / U is die sterkte van my hart.
Waarom gaan ek dan neergeboë – / verstoteling van voor u oë,
my siel bekommerd en benard – / gedurigdeur in swart?
- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.

Gebed

Skrifberyming 6-1:1, 2, 3 (11:1, 2, 3)

- 1 Die laagte deur waar die olywe staan, / het hul met Jesus na die berg gegaan;
En dáár het Hy, in stilte ongestoord, / tot hul gesprek sy laaste lewenswoord:
- 2 “Jul wat só na die Godsryk al verlang, / sal nou die kragte van die Gees ontvang,
En oor die wydtes dan van land en see / uit nuwe krag van My getuig'nis gee.”
- 3 En toe het Hy, terwyl hul na Hom staar, / geruisloos opgestyg en weggevaar.
'n Digte waas het Hom geheel oordek, / 'n wolk het Hom sag aan hul oog onttrek.

Skriflesing: Matteus 28:16-20; Psalm 139:1-24;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 18:47, 48

Kernvers: Matteus 28:20; Psalm 139:7

**En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.
Amen.** (Matteus 28:20 AFR53)

**Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?
(Psalm 139:7 AFR53)**

Heidelbergse Kategismus

Vraag 47

Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie (a)?

Antwoord:

Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op die aarde nie (b), maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie (c).

(a) Matt 28:20. (b) Heb 8:4; Matt 26:11; Joh 16:28; 17:11; Hand 3:21. (c) Joh 14:18; Matt 28:20.

Vraag 48

Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord:

Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig (a). Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is (b), maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

(a) Jer 23:24; Hand 7:49. (b) Kol 2:9; Joh 3:13; 11:15; Matt 28:6.

Tema: As ware mens is Christus in die hemel, maar as ware God is Hy oral teenwoordig

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons by hierdie twee vrae en antwoorde kom, kom ons te staan voor 'n groot geheimenis – die Goddelike en menslike nature van Christus. Die eenheid tussen hierdie twee nature is net so ondeurgrondelik soos die Drie-eenheid. Ons weet dat Christus twee nature het wat heg en innig met mekaar verbind is, maar daar is 'n klomp vrae aangaande sy twee nature wat ons eenvoudig nie kan verklaar nie. Daarom sê ons dit is net so ondeurgrondelik soos die Drie-eenheid. Ons glo dit net eenvoudig omdat God dit so aan ons openbaar, maar uitpluis kan ons nie.

Die feit dat die eenheid van Christus se twee nature vir ons ondeurgrondelik is, beteken egter nie dat dit vir ons geen waarde het nie. Inteendeel, juis omdat Christus ware God en ware mens tegelykertyd is en bly, is daar vir die kerk van die Here onuitputlike groot troos daarin. En dit is juis van hierdie troos wat ons in dié twee vrae en antwoorde bely.

Dit bring ons ook daarby uit om raak te sien hoe 'n belydenisskrif tot stand kom en hoekom juis hierdie twee vrae tot ons troos in ons Heidelbergse Kategismus hulle plek gekry het. Die Heilige Gees het ons vaders gelei om ons Heidelbergse Kategismus nie net as troosboek op te stel nie, maar ook as leerboek vir God se kinders. 'n Belydenisskrif word opgestel sodat die kerk op grond van die Here se Woord kan sê ten opsigte waarvan hulle van ander gelowiges verskil en hoekom. Daarom gebeur dit dat die kerk gewoonlik in 'n tyd wanneer dwalings die oorhand wil kry, aan die hand van die Bybel 'n belydenis opstel om juis die waarheid van God se Woord te bevestig.

Ons Heidelbergse Kategismus is opgestel gedurende die jare van die Reformasie in Europa. God het natuurlik die Reformasie in sy kerk laat plaasvind sodat die valshede van die Roomse Kerk bestry kon word. Maar almal wat hulle uit die Roomse Kerk verwyder het, het nie almal dieselfde begrip van sake gehad nie. Trouens, nie almal wat hulle uit die Roomse Kerk verwyder het, het dit gedoen op grond van God se Woord nie. Hervorming is nie maar net 'n wegkeer van iets waarvan die mens nie hou nie. Ware hervorming is 'n wegkeer van dit wat vals gemaak is deur die mens na die waarheid van God soos dit in die Bybel geopenbaar is. Die Wederdopers of Anabaptiste, soos hulle ook genoem is, het

hulle ook uit die Roomse Kerk verwyder en agter hulle eie valshede aangegaan in plaas daarvan om in die volle waarheid van God se Woord te wandel.

Maar afgesien van die Wederdopers was daar baie Christene wat ter wille van die waarheid hulleself uit die Roomse Kerk verwyder het. Twee van hierdie bekende Hervormers was Martin Luther en Johannes Calvyn. Die Here het die Hervorming deur Luther veral in Duitsland laat plaasvind. Die Hervorming deur Calvyn het die Here veral in Switserland laat plaasvind. Tog het hierdie manne nie los van mekaar gewerk nie. Hulle het van mekaar geweet en oor en weer het hulle mekaar ook beïnvloed. Die Here laat sy kinders mos nie in isolasie leef en werk nie, want een enkele gelowige het nie al die gawes van die Gees nie. Elke gelowige het bepaalde gawes soos die Here gegee het en daarom wil Hy ook dat die gelowiges saam sal leef en werk tot groter eer van God se Naam en tot groter voordeel van Christus se kerk.

Hoewel die Hervormers mekaar wedersyds beïnvloed het, het daar tog verskille tussen hulle bly bestaan. Oor die kernwaarheid het hulle saamgestem, naamlik dat 'n mens alleen deur Jesus Christus se kruisdood en opstanding regverdig kan word voor God. Maar oor sake soos die nagmaal, onder andere, het Calvyn en Luther van mekaar verskil. Oor hierdie verskil moet die gereformeerde Christene hulle kan verantwoord. Daarom het die Heilige Gees ook die opstellers van die Kategismus gelei om oor die verskil tussen die gereformeerdes en Lutherse gelowiges twee vrae op te stel.

Ons Gereformeerdes verskil van die Lutherse gelowiges by die nagmaal oor die teenwoordigheid van Christus. Die Lutherse gelowiges glo dat Christus ook liggaamlik by die nagmaal teenwoordig is, terwyl ons glo dat Christus net in sy Godheid en deur sy Gees en Woord by die nagmaal teenwoordig is. Liggaamlik is Jesus Christus in die hemel aan sy Vader se regterhand. Tog gaan ons nie nou die Lutherse gelowiges oor hierdie verskil as 'n aartsvyand behandel nie. So het die Heilige Gees dan ook ons vaders gelei met die opstel van die Kategismus. Wanneer daar oor die verskil met die Lutherse gelowiges in verband met Christus se hemelvaart gehandel word, gaan dit nie soseer oor die verskil nie; die Heilige Gees deurdring die leer met die troos. Laat ons dan nou aan die hand van ons Kategismus teruggaan na die Woord om die leer te verstaan en die troos te beleef.

Een van Jesus Christus se laaste beloftes wat Hyself mondelings aan sy dissipels gegee het, is hierdie woorde aan die einde van die evangelie volgens Matteus:

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.
(Matteus 28:20 AFR53).

Wanneer 'n mens hierdie woorde hoor en moet oordeel bloot op hoe dit klink, kan 'n mens sê dat Jesus daarmee bedoel het om tot aan die einde van wêreld by die dissipels te wees soos wat Hy in daardie stadium by hulle teenwoordig was. Maar ons weet tog dat die dissipels nie tot aan die einde van die wêreld lewe nie. Hulle het lank gelede al gesterwe.

Dus moet Jesus se belofte 'n ander betekenis hê. Nog steeds oppervlakkig geoordeel kan 'n mens reken dat Jesus met die belofte gesê het dat Hy self tot aan die einde van die wêreld op die aarde by al God se kinders sal wees soos wat Hy by die dissipels teenwoordig was toe Hy hierdie belofte gemaak het.

Ook met hierdie verstaan van Jesus se belofte is daar 'n probleem. Want verder aan in die Bybel leer die Heilige Gees ons dat Jesus Christus na die hemel opgevaar het. Dus kan die belofte van Jesus ook nie beteken dat Hy by ons is soos wat Hy toe by sy dissipels was nie.

Wanneer 'n mens dan tot sover geredeneer het, kan 'n mens een van twee dinge doen. Jy kan verder met menslike wysheid redeneer en die gevaar loop om Jesus se belofte as 'n leë belofte te bestempel, of jy kan in kalmte luister na die Here se Woord. Reeds in die eerste hoofstukke van Matteus maak die Heilige Gees dit duidelik dat Jesus Christus nie net 'n egte mens is nie. Hy is die ewige Seun van God wat deur die werking van die Heilige Gees mens geword het uit die maagd Maria. Hy is waarlik Immanuel, God by ons (Matt 1:21-23). Jesus Christus is van die oomblik af dat Maria met Hom swanger geword het tegelykertyd waaragtig God en waaragtig mens. Daarom bely ons dat Christus ware mens en ware God is.

Omdat Hy ware mens en ware God is, is Jesus se belofte nie 'n leë belofte nie, want God lieg nooit nie. Christus is heilig soos sy Vader in die hemel en Hy praat net die volle waarheid. Daarom is hierdie belofte ook geldig vir ons. Hy is met ons tot aan die einde van die wêreld ook na sy hemelvaart.

Dit is op hierdie punt waar Lutherse gelowiges van die gereformeerde gelowiges skei. Luther het gemeen dat Jesus se ware menslike natuur by die hemelvaart ook vergoddelik is. Dit beteken dat die ware mens Jesus Christus van toestand verander het. Sy menslike natuur het na die opstanding en hemelvaart ook aan die eienskappe van God deel gekry, sodat Jesus as ware mens ook alomteenwoordig is soos wat Hy as ware God alomteenwoordig is. Om dit beter te verstaan kan ons die beeld gebruik: Water wat gekook word, verander van toestand, naamlik van 'n vloeistof na 'n gas. Dit is wat die Lutherse gelowiges aangaande Jesus se menslike natuur verstaan – sy menslike natuur kan ook sienlik en onsienlik teenwoordig wees.

Maar reeds in die jaar 451 nC het die Heilige Gees die kerk gelei om die Persoon van Jesus Christus só te verstaan. Hy is inderdaad ware mens en ware God tegelykertyd in een Persoon verenig. Dit word ook die twee nature van Christus genoem – sy Goddelike natuur en sy menslike natuur. Hierdie twee nature is onvermengd, onveranderd, on-gedeeld en ongeskeie. Onvermengd – die twee nature het nie in mekaar opgelos geraak sodat Christus 'n mengsel van God en mens is nie. Onveranderd – die Goddelike natuur in Christus het God gebly en die menslike natuur het ware mens gebly. Ongedeeld – die twee nature is heg met mekaar verenig in die Persoon van Christus, maar deel nie mekaar se eienskappe nie. Ongeskeie – die twee nature kan nie van mekaar geskei word asof daar twee Christusse – een Goddelik en een menslik – is nie. So is Christus tot vandag toe nog ware mens en ware God tegelykertyd in een Persoon.

Ook na die hemelvaart bestaan hierdie twee nature van Christus. As mens is Hy ware mens en as God ware God. Soos wat ons mense net op een plek op 'n slag kan wees, net so kan die menslike natuur van Christus net op een plek op 'n slag wees. Na sy menslike natuur is Jesus nie meer op aarde nie maar in die hemel aan die regterhand van God totdat die dag van sy wederkoms aanbreek.

Maar wat Christus se Goddelike natuur betref, is Hy ware God. Hy het al die eienskappe van God sy Vader. Dit beteken dat Hy ook na sy Goddelike natuur alomteenwoordig is. Daarom bely ons **wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie.**

Hoe moeilik hierdie begrip ook al vir ons is, kan ons tog die troos baie duidelik hoor: *Christus gaan nooit meer van ons af weg nie!* Wat sy Godheid betref, is Hy altyd by ons teenwoordig. Daar is nie een dag, een uur of selfs een minuut wat ek jy van die Godheid van Christus verlate is nie. Dit beteken nie dat Christus na sy Godheid voelbaar vir ons

teenwoordig is nie. Maar dit is 'n feit, soos wat Christus se menslike natuur nooit sonder sy Goddelike natuur is nie, so is die mense wat aan Christus behoort nooit verwyderd van Christus se Godheid nie. Na sy Godheid woon Christus in sy kerk. Alhoewel ons dit nooit werd is dat Christus by ons moet wees nie, gaan Hy nooit van ons af weg nie. Hy is immers die Hoof van die kerk en die Hoof kan nooit sonder sy liggaam wees nie.

Wat sy majesteit betref, gaan Christus ook nie meer van ons af weg nie. Die woord *majes-teit* laat ons aan 'n koning dink. Christus is inderdaad ons ewige Koning. Hy is ons Majesteit voor wie ons in aanbidding neerbuig. Vir Hom het ons ontsag. Sy majesteit verwys ook na sy grootheid en krag en almag. Hy is in staat om sy kerk in elke situasie te help. Vir Hom is niks te klein of te groot om te doen nie. Hy kan en wil in elke behoefte van sy kerk voorsien sodat sy kerk Hom aanhoudend sal eer en dien as Koning.

Wat sy genade betref, gaan Christus ook nie meer van ons af weg nie. Dit is slegs deur die genade van Christus dat ons kan bly lewe – nie maar net asemhaal en bestaan nie maar regtig lewe in die teenwoordigheid van God. Dit is op grond van Christus se genade dat ons vergifnis van die sondes ontvang wat ons vir die soveelste keer gepleeg het.

En laastens, wat sy Gees betref, gaan Christus nie meer van ons af weg nie. Die Heilige Gees wat ons ontvang het, is die Gees van Jesus Christus. En van die wedergeboorte af wat die Heilige Gees in die uitverkorenes tot stand bring, is die Heilige Gees voortdurend besig om ons te vernuwe sodat uiteindelik kan gebeur wat Jesus belowe het:

As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak. (Johannes 14:23 AFR53)

Die Heilige Gees is dus voortdurend besig om ons so te vernuwe dat God die Vader en Christus tuis kan wees in ons harte. Wanneer die Heilige Gees my dus met die Woord oortuig van 'n sonde in my lewe en my tot berou en bekering lei, is dit omdat Hy my wil gereedmaak as woonplek vir God self. Jesus Christus is inderdaad Immanuel – God by ons.

Die volgende vraag van ons Kategismus is 'n vraag wat 'n broer of suster uit die Lutherse kerk ons kan vra. ***Maar as die mensheid van Christus nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?*** Met hierdie vraag kom die Lutherse gelowige terug op die ou leer van die kerk aangaande Christus se twee nature, naamlik dat ons glo sy Goddelike en menslike nature is ongeskeie.

Op hierdie vraag antwoord ons duidelik: Nee. Christus is ware God. Sy Goddelike natuur kan op geen manier deur enigiets ingeperk word nie. As ware God het Christus immers ook die eienskap van alomteenwoordigheid soos sy Vader. Aan Dawid is God se alom-teenwoordigheid geopenbaar en hy skryf daarvan in Psalm 139. Dit maak nie saak waar 'n mens ook al heen wil gaan nie, oral sal hy vir God teëkom, of dit nou bo in die hemel is of onder in die doderyk – God is oral teenwoordig. Of 'n mens na die verre ooste of na die verre weste gaan, God is daar. Nie eers in die donkerste duisternis kan 'n mens aan God ontkom nie.

Dit wat Dawid hier van God se alomteenwoordigheid sê, kan ons sonder twyfel ook van Christus se Goddelike natuur verstaan. Na sy Goddelike natuur is Christus alom-teenwoordig. Dit beteken dan dat Hy voluit in sy menslike natuur teenwoordig is daar in die hemel aan die regterhand van God. En sy Goddelike natuur is ook hier waar ons leef en werk voluit teenwoordig.

As Christus nie meer ware God en ware mens nou daar in die hemel is nie, kan Hy nie meer ons Middelaar by die Vader wees nie. Dan kan Hy nie vir ons bid nie en nie sy Heilige Gees vir ons gee nie. Nog erger, dan kan sy menslike natuur nie meer voor God bestaan nie. Dink net watter troostelose bestaan ons dan sou gehad het.

Maar nou het ons deur die Gees en Woord van die Vader en van Christus hierdie versekering: Christus is ware mens en ware God. As ware mens en ware God is Hy nou in die hemel, waar Hy vir ons bid, waar Hy ons waarborg is dat ons mense ook eendag voor God sal kan verskyn en van waar Hy vir ons sy Heilige Gees stuur as waarborg. Tog het Hy ons nog nooit verlaat nie, want as ware God is Jesus Christus ook alomteenwoordig – ook hier waar jy en ek leef en werk tot aan die einde van hierdie wêreld.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 6-2:1, 3 (12:1, 3)

- 1 'n Eng'lestem het ek hoor juig, / wat aanswel uit die hemel aan:
"Nou moet voor God die Here buig / die magte teen Hom opgestaan:
want heil en krag en heerskappy / het God nou skitt'rend aan laat lig,
en Christus – so 'n glans het Hy / dat Satan blind daarvoor moes swig.

- 3 Die Lam wat hul laat triomfeer / sy bloed het hul gedek as skild
en al die pyle afgeweer. / En hul getuig'nis, nooit gestild,
dit was hul wapen in die stryd. / Hul het hul lewe^oas hoogste skat,
in mart'laarskap en dure tyd, / tot in die dood nie liefgehad.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
6 April 2014